# DIE GRONDWET VAN DIE KLEINMOND BELASTINGBETALERS VERENIGING.

1. **NAAM**
Die Kleinmond Belastingbetalers Vereniging.

2. **DOELSTELLINGS**
Om na die belange van belastingbetalers van Kleinmond om te sien en as doeltreffende skakel tussen die belastingbetalers, permanente inwoners en die Stadsraad te dien en samewerking tussen die gemeenskap en die Raad te bevorder.

2a **REGSTATUS**
Die Vereniging is 'n regspersoon, afsonderlik en onafhanklik van sy lede, bevoeg om eiendom te bekom en te vervreem, om regte te verkry en verpligtinge op te doen, om eisend en verwerend op te tree en om alle handelinge te verrig wat 'n regspersoon regtens kan verrig. Die eiendom en fondse van die Vereniging vestig in die Vereniging as 'n regspersoon en geen lid van die Vereniging is aanspreeklik vir die skuld van die Vereniging nie.

3. **LIDMAATSKAP**
3.1 Alle belastingbetalers en permanente inwoners in die dorpsgebied van Kleinmond mag aansoek om lidmaatskap doen. Die Bestuur het die reg om sonder opgaaf van redes 'n persoon se lidmaatskap te weier of op te skort, sonder terugbetaling van ledegelde.
3.2 Jaarlikse ledegelde, soos van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering bepaal, is voor die aanvang van die volgende Algemene Jaarvergadering betaalbaar.
3.3 Alle ingeskrewe lede per adres is stemgeregtig.

4. **ALGEMENE VERGADERINGS**

4.1 **Algemene Jaarvergaderings**
4.1.1 Die Algemene Jaarvergadering sal een maal per jaar gehou word.
4.1.2 Skriftelike kennisgewing van die datum, plek en tyd van die Algemene Jaarvergadering sal tenminste veertien [14] dae voor die datum van die vergadering aan alle lede gestuur word.
4.1.3 Die uittredende Bestuur moet 'n jaarverslag en 'n finansiële verslag aan die Algemene Jaarvergadering voorlê.
4.1.4 Die Bestuur vir die nuwe jaar word by die Algemene Jaarvergadering verkies.
4.1.5 'n Kworum sal een tiende [10%] van die Vereniging se totale opbetaalde ledetal wees.
4.1.6 By 'n staking van stemme sal die Voorsitter 'n beslissende stem hê.

4.2 **Spesiale Algemene Vergadering**
4.2.1 Die Bestuur kan 'n Spesiale Algemene vergadering belê voorafgegaan deur 'n veertien [14] dae kennisgewing aan alle ingeskrewe lede.
4.2.2 'n Kworum sal een tiende [10%] van die Vereniging se opbetaalde ledetal wees.
4.2.3 'n Spesiale Algemene Vergadering moet deur die Bestuur gereël word sou ten miste een tiende [10%] van die opbetaalde lede dit skriftelik versoek. Die vergadering sal binne dertig [30] dae na die ontvang van so 'n versoek, belê word.
4.2.4 Die sake vir behandeling by 'n Spesiale Algemene Vergadering sal tot die sake waarvoor die vergadering byeengeroep is, beperk word.

4.3 **Uitgestelde Algemene Jaar en/of Spesiale vergaderings**

4.3.1 Ingeval die vereiste kworum nie by 'n Algemene Jaar en/of Spesiale Algemene vergadering teenwoordig is nie, moet sodanige vergadering uitgestel word en is die lede teenwoordig geregtig om die datum, plek en tyd van die uitgestelde vergadering te bepaal

4.3.2 By 'n uitgestelde Algemene Jaar en/of Spesiale vergadering sal die lede teenwoordig 'n kworum vorm om slegs die sake wat op die oorspronklike agenda geplaas was, af te handel.

## 5 BESTUUR

5.1 Die sake van die Vereniging word deur 'n Bestuur behartig wat elke jaar by die Algemene Jaarvergadering verkies word.

5.2 Die Bestuur bestaan uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, Tesourier en vier [4] lede.

5.3 Die Voorsitter mag vir 'n maksimum van drie (3) opeenvolgende jare as voorsitter dien waarna hy/sy 'n ander portefeulje in die bestuur mag dien sou hy/sy weer tot die bestuur verkies word.

5.4 Bykomende lede kan deur die Bestuur gekoöpteer word.

## 6 BESTUURSVERGADERINGS

6.1 Die Bestuur vergader, so ver moontlik, eenkeer per maand op datums en tye deur die Bestuur vasgestel.

6.2 Enige vyf [5] lede van die Bestuur vorm 'n kworum vir die vergaderings.

## 7 PLIGTE VAN DIE BESTUUR

7.1 Die Bestuur behartig die Vereniging se fondse deur middel van 'n tjek- en/of spaarrekening by 'n handelsbank. Die Tesourier plus enige een van die volgende ampsdraers, nl. Voorsitter, Ondervoorsitter of Sekretaris, sal tekenmagte op die Vereniging se rekenings en enige ander finansiële dokumente hê.

7.2 Die Voorsitter sal verantwoordelik wees vir die opstel en voorlegging van 'n jaarverslag aan die Algemene Jaarvergadering vir die periode wat sal strek van die vorige verslag datum,tot en met die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering.

7.3 Die Tesourier sal verantwoordelik wees vir die opstel van 'n finansiële staat/verslag vir voorlegging aan die Algemene Jaarvergadering vir die periode wat sal strek vanaf die vorige verslagdatum tot en met die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering. Die staat/verslag moet deur beide die Voorsitter en die Tesourier onderteken word.

7.4 Die Sekretaris sal verantwoordelik wees vir die hou van notules van al die Vereniging se vergaderings, die veilige bewaring van alle dokumente, asook verantwoordelik wees vir die tydige uitstuur van alle kennisgewings.

## 8. ALGEMEEN

8.1 Geen Raadslid of Munisipale amptenaar mag op die Bestuur van die Vereniging dien nie en enige Bestuurslid wat tot die Raad verkies word of tot die diens van die Overstrand Munisipaliteit toetree, sal onmiddellik van sy/haar amp op die Bestuur afstand afstand doen.

8.2 Geen wysiging mag aan die Vereniging se Grondwet aangebring word nie, tensy daar veertien [14] dae vooraf skriftelike kennis van sodanige voorgestelde wysigings gegee is, en sodanige wysigings deur tweederde van die lede, teenwoordig op 'n Algemene Jaarvergadering, goedgekeur is nie.

9. **ONTBINDING VAN DIE VERENIGING**

Indien die Vereniging, wat op 3 November 1967 gestig is, sou ontbind, sal die restant van sy bates aan die Kleinmond Laerskool geskenk word. Indien die Kleinmond Laerskool nie meer ten tye van die ontbinding bestaan nie, moet die genoemde bates aan die Suid-Afrikaanse Rooikruis Vereniging geskenk word.